# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 254 · 28 JANUARIE 2022

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


# HOËRSKOOL FRAMESBY SKITTER MET KWALITEIT UITSLAE!

## 8 ONDERSKEIDINGS

LARA STRAUSS



A-GEMIDDELD



A-GEMIDDELD

## TIAAN BOUWER

7 ONDERSKEIDINGS

## TOPLEERDER

IN NELSON MANDELABAAI

**Premierstoekenning**

## 7 ONDERSKEIDINGS

SIMONÉ DU RANDT



A-GEMIDDELD

SHANEL SMITH



A-GEMIDDELD

LEONÉ VAN STADEN



A-GEMIDDELD

2021
KLAS VAN 2021

## 6 ONDERSKEIDINGS

JIMÉ BEZUIDENHOUT




A-GEMIDDELD

CHANDRÉ JV RENSBURG



A-GEMIDDELD

SIMONÉ LE GRANGE



A-GEMIDDELD

CLARISSE VILJOEN



A-GEMIDDELD


NIKHE VLOK



A-GEMIDDELD

## 5 ONDERSKEIDINGS

TENIQUE BEKKER



A-GEMIDDELD

RUARK POTGIETER



A-GEMIDDELD

DANELLE SCHMIDT



A-GEMIDDELD

TANA VAN RHYN



A-GEMIDDELD

## 4 ONDERSKEIDINGS

KARLA BASSON



A-GEMIDDELD

CHANÉL SCHOEMAN



BIANCA SWARTS



SHANI V HEERDEN



A-GEMIDDELD

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

TOELATING TOT
**GRAADSTUDIES**
**87,06%**

TOELATING TOT
**DIPLOMASTUDIES**
**12,94%**

**SIMBOOL-**
VERSPREIDING:

| AANTAL LEERDERS: | SIMBOOL BEHAAL: |
|---|---|
| 16 | A |
| 33 | B |
| 60 | C |
| 49 | D |
| 13 | E |

AANTAL KANDIDATE
**SLAAG**
**98,27%**

**11 UIT 17**
VAKKE SPOG MET
**60%+**
GEMIDDELD

**DANKIE AAN ONS VOEDERSKOLE!**
SUNRIDGE PRIMÊR, CHARLO, LORRAINE, VERKENNER, KABEGA, NEWTONPARK, HANDHAAF, ALTONA, MOUNT PLEASANT, SONOP, DR VILJOEN, ROWALLANPARK
**ONS SUKSES IS OOK ONS VOEDERSKOLE SE SUKSES!**

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Efesiërs 5 vers 8 aan: "Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle die lig. Leef dan as mense van die lig." Hierin lê 'n belangrike opdrag vir elkeen van ons. Mag ons dit uitleef ten spyte van omstandighede om ons.

Ons het met leedwese verneem dat Cherie en Carno (Graad 12 en Graad 11) se pappa asook Ria-Marie Niemand (Graad 9) se pappa oorlede is. Ons gebede is met hierdie families wat geliefdes aan die dood moes afstaan. Mag ons Hemelse Vader hulle ook in hierdie tyd besonder bystaan en vertroos.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:
A) UITSLAE GRAAD 12 2021
Gelukwensing aan ons graad 12-klas van 2021 met hul puik uitslae! 'n Volledige uiteensetting hiervan is op sosiale media asook in die fakkelflits beskikbaar.

B) COVID-19
Die nakoming van Covid-regulasies geskied steeds soos in die staatskoerant gepubliseer.
Ouers, ons doen dan nou reeds 'n beroep op u om in gesprek met u kind te tree. Die nakoming van die Covid-regulasies is van uiterste belang. Om hierdie rede moet u die volgende drie punte met u kind deeglik bespreek:

Dra van maskers.
Sanitering van hande.
Sosiale distansiëring van 1 m.

Alle Covid-gevalle moet onmiddellik gerapporteer word aan die graadhoofde [sien graadhoofde se e-posadresse by punt D] asook mnr. P Bosch by phillip.bosch15@gmail.com of pbosch@framesby.co.za.

Verder versoek ons u vriendelik om nie u kind skool toe te stuur indien hy/sy siek is nie.
Ouers sal by sportbyeenkomste toegelaat word, maar onder streng Covid-maatreëls soos deur die skool se Covid-komitee, tesame met die sportkomitee, uiteengesit is.

C) GRAADHOOFDE
Ons graadhoofde se kontakbesonderhede is as volg:

Gr. 8: hstrauss.framesby@gmail.com
Gr. 9: erwinstrauss@outlook.com
Gr. 10: fvdwalt@framesby.co.za
Gr. 11: jeanette.schoeman@yahoo.com
Gr. 12: lschelbert@framesby.co.za

D) FINANSIES
Indien u enige navrae het, kontak mev. R. Terblanche by skoolfonds@framesby.co.za.

E) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook beskikbaar - dit is die plek om te wees!

F) VROEËR SLUITING VAN SKOOL
Die skool sluit vir Graad 8- tot 11-leerders om 09:30 op Donderdag, 3 Februarie. Graad 8- tot 11-leerders sal die eerste 3 periodes van dag 10 volg. Dit is as gevolg van die sone-atletiekbyeenkoms wat plaasvind.

Die Graad 12-leerders volg egter 'n normale akademiese dag met al 7 periodes. Die rede hiervoor is dat die graad 12 leerders Vrydag, 4 Februarie hul matriekdag vier.
Die dagprogram vir Donderdag, 3 Februarie is as volg:
Periode 1 – 07:30 tot 08:10
Periode 2 – 08:10 tot 08:50
Periode 3 – 08:50 tot 09:30

Graad 8- tot 11-leerders verdaag.
Graad 12 leerders gaan voort met dagprogram.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Pouse – 09:30 tot 09:50
Periode 4 – 09:50 tot 10:30
Periode 5 – 10:30 tot 11:10
Periode 6 – 11:10 tot 11:50
Loopbaanuitstalling in saal – 11:50 tot 13:00
Periode 7 – 13:00 – 14:00

G) BOEKVERKOPE
Framesby hou volgende week ons eerste boekverkope dag. Dit is ‘n geleentheid vir leerders om hul vorige jaar se handboeke aan mede-leerders te verkoop.

Die voorstel is dat boeke teen R100.00 elk verkoop word, sodoende behoort leerders nie te sukkel om kleingeld te gee nie en die proses sal vergemaklik word. Slegs kontanttransaksies word toegelaat. Elke graad sal ‘n dag kry om tydens eerste en tweede pouse in die saal te verkoop.

Daar sal tafels uitgesit word in die saal waarop die leerders die handboeke wat hulle wil verkoop kan uitstal.
Maak asseblief seker van watter handboeke korrek is vir elke graad en vak, aangesien daar wel van verlede jaar af veranderinge was.

Maandag 31 Januarie 2022
Huidige Graad 12 verkoop aan Graad 11

Dinsdag 1 Februarie 2022
Huidige Graad 11 verkoop aan Graad 10

Woensdag 2 Februarie 2022
Huidige Graad 10 verkoop aan Graad 9

Vrydag 4 Februarie 2022
Huidige Graad 9 verkoop aan Graad 8

H) AKADEMIE
- Wiskunde hulpklasse begin eers die week van 7 Februarie. Die uitslae van Maandag 31 Januarie se toetse word gebruik om leerders te identifiseer.
- Graad 12 leerders van 2021 wat hul antwoordstelle wil laat hernasien, moet die vorm en proses wat gevolg word teen Vrydag 28 Januarie by die Algemene Kantoor afhaal. Die sperdatum om vorms by die skool weer in te handig is 2 Februarie.
- Die graad 12-leerders van 2021 wat die aanvullende eksamen wil skryf, sal eers in Februarie kan registreer. Sodra ons die inligting van die departement ontvang, sal ons dit in die media versprei.

I) VERKEERSREËLINGS
Ons wil u as ouergroep vra om ons in die volgende aspekte behulpsaam te wees:

1. Ons wil versoek dat u die spoedgrens in die gebied en strate om die skool eerbiedig. U sal saamstem dat ons nie graag ‘n situasie wil beleef waar een van ons in ons skoolgemeenskap of die breër gemeenskap onnodig in ‘n ongeluk betrokke is nie.

2. Ons het leerders wat in die middae van busvervoer gebruik maak. Daar is egter ouers wat op die busparkeerplekke in Willowbystraat parkeer. Dié parkeerplekke is teen die skool en nou word die leerders gedwing om die pad te moet kruis.

3. Ouers stop soggens en middae dwars voor die hoofingang, oor kruisings, voetoorgange, voor sommige hekingange en inwoners se opritte. Dit bring ‘n verkeersopeenhoping mee en raak medepadgebruikers. Let asseblief op waar u stilhou en hoe u stilhou die verkeer beïnvloed.

4. Daar is ouers wat leerders aan die verkeerde kant van die pad aflaai en teen die verkeer stilhou. Dit bring mee dat leerders teen die pad uit voertuie moet klim. U stel u kind so in gevaar aangesien hulle baie maklik deur ander voertuie beseer kan word. Beplan asseblief u aflaaipunt en ry verkieslik óm die skool om u kind veilig af te laai.

5. Wees bewus van leerders wat tussen voertuie beweeg en ook ander voetgangers wat op verskeie plekke wag om strate te kruis.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

6. Leerders wat toestemming het om met motorfietse skool toe te kom, moet op die spasie soos deur die skool bepaal, stilhou. Hulle mag nie voor die skool parkeer nie.

7. Leerders wat met motorfietse ry, moet van valhelms gebruik maak.

8. Geen voertuie mag die skooleindom binnekom om leerders af te laai nie.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning en u aan te moedig om u leerder/s te ondersteun in hul strewe om suksesvolle en gelukkige leerders van HS Framesby te wees. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

Marius Germishuys
SKOOLHOOF

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY KRIEKET MAAK SKOONSKIP!

**Vrydag 21 Januarie 2022**
**Framesby 1ste span vs Union T20**
Framesby wen loot en kolf eerste.
Behaal 147/5 in 20 beurte
Beste kolwers:
Hanro van Jaarsveld 65 (51)
Wiaan Hanekom 19 (16)
Union behaal 117/9 in 20 beurte
Beste boulers:
Juan Grigor 18/3 in 4 beurte
Wiaan Hanekom 13/2 in 2 beurte
Zandré Delport 28/2 in 3 beurte
Framesby wen met 30 lopies

---

**2de Krieketspan | Saterdag, 22 Januarie**
**Framesby vs Union High**
Union wen loot en kolf eerste
Union behaal 42 almal uit na 16 beurte
Beste boulers:
Rivaldo Siteria 2/4 in 2 beurte
Camron Hammond 5/3 in 5 beurte
Xavier Massyn 18/2 in 3 beurte
Framesby behaal 44/0 in 5 beurte
Beste kolwers:
Marius van Der Merwe 20 nie uit nie
Robert Capes 13 nie uit nie
Framesby wen met 10 paaltjies

---

**o/15 Krieketspan teen Union T20 | Vrydag**
Union kolf eerste en behaal 83 van 17 boulbeurte.
Beste boulers:
Drisden Pretorius - 17/5 (4 overs)
Dewan Wessels - 23/3 (4 overs)
Framesby jaag die totaal in 9.5 boulbeurte
en wen die wedstryd met 8 paaltjies.
Beste kolwers:
Logan Fleetwood - 32*
Dewan Wessels - 20*

---

**o/15 Krieketspan teen Union | Saterdag**
Framesby het eerste gekolf
en behaal 184 almal uit van 44.3 boulbeurte.

Beste kolwers:
Logan Fleetwood - 67
Drisden Pretorius - 54

Union behaal 42 almal uit in 16 boulbeurte.

Die beste boulers:
Logan Fleetwood - 10/3 (5 overs)
Drisden Pretorius - 19/3 (7 overs)
Christo Prinsloo - 12/3 (4 overs)
Framesby wen met 142 lopies.

**Saterdag 22 Januarie 2022**
**Framesby 1ste krieketspan vs Union High**
50 overs Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 309/8 in 50 beurte.
Beste kolwers:
Corné Jordaan 86* (79)
Hanro van Jaarsveld 75 (89)
Cuan Gerber 35 (39)
Union behaal 152 almal uit
Beste boulers:
Corné Jordaan 11/3 in 8 beurte
Juan Grigor 33/3 in 10 beurte
Taine Douw 26/2 in 6 beurte
Cuan Gerber het 'n ook 'n ongelooflike vangskoot geneem.
Framesby wen met 157 lopies.

---

**Woensdag 26 Januarie**
Framesby 1ste krieketspan vs Daniël Pienaar T20
Daniël Pienaar kolf eerste en behaal 114/7 in 20 beurte
Beste boulers:
Juan Grigor 12/2 in 4 beurte
Zandré Delport 24/2 in 4 beurte
Framesby behaal 108/7 in 20 beurte
Beste kolwers:
Cuan Gerber 31* (26)
Taine Douw 26 (29)
Corné Jordaan 23 (35)
Framesby verloor met 6 lopies.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

**Framesby Seunskrieket Kwartaal 1 - Bepalings**

**2022**

**1ste span:**

| | | |
|---|---|---|
| 29 Januarie | Kingswood College | tuis |
| 5 Februarie | Brandwag | tuis |
| 11 Februarie | Outeniqua T20 | weg |
| 12 Februarie | Outeniqua | weg |
| 19 Februarie | Nico Malan | weg |
| 25 Februarie | HTS Drostdy T20 | weg |
| 26 Februarie | HTS Drostdy | weg |
| 5 Maart | Victoria Park | tuis |

**2de span:**

| | | |
|---|---|---|
| 29 Januarie | Kingswood College | weg |
| 5 Februarie | Brandwag | weg |
| 12 Februarie | Gelvandale 1 | tuis |
| 19 Februarie | Nico Malan | tuis |
| 26 Februarie | Otto du Plessis 1 | weg |
| 5 Maart | Victoria Park | weg |

**o.15 A span:**

| | | |
|---|---|---|
| 29 Januarie | Kingswood College | tuis |
| 5 Februarie | Brandwag | tuis |
| 11 Februarie | Outeniqua T20 | weg |
| 12 Februarie | Outeniqua | weg |
| 19 Februarie | Nico Malan | weg |
| 25 Februarie | HTS Drostdy T20 | weg |
| 26 Februarie | HTS Drostdy | weg |
| 5 Maart | Victoria Park | tuis |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

**o.14 A span:**

| | | |
|---|---|---|
| 29 Januarie | Kingswood College | weg |
| 5 Februarie | Brandwag | weg |
| 12 Februarie | - | - |
| 19 Februarie | Nico Malan | tuis |
| 26 Februarie | Grey PE (B) | tuis |
| 5 Maart | Victoria Park | weg |

**o.14 B span:**

| | | |
|---|---|---|
| 7 Februarie | Pearson | tuis |
| 14 Februarie | Grey (D) | weg |
| 21 Februarie | Alexander Road | weg |
| 28 Februarie | Westering | tuis |

**o.15 B span:**

| | | |
|---|---|---|
| 2 Februarie | Theodor Herzl A | weg |
| 9 Februarie | DF Malherbe A | tuis |
| 16 Februarie | Grey (D) | tuis |
| 23 Februarie | Gelvandale A | tuis |
| 28 Februarie | Victoria Park | tuis |

**3de span:**

| | | |
|---|---|---|
| 2 Februarie | McCarthy 1 | tuis |
| 9 Februarie | Grey (5) | weg |
| 16 Februarie | Alexander Road | weg |
| 23 Februarie | Westview 1 | tuis |
| 3 Maart | Andrew Rabie 1 | tuis |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

**4 de span:**

| | | |
|---|---|---|
| 2 Februarie | DF Malherbe 2 | weg |
| 9 Februarie | Daniel Pienaar 3 | weg |
| 16 Februarie | Patterson 1 | tuis |
| 23 Februarie | Victoria Park | weg |
| 2 Maart | Bergsig 1 | tuis |

---

**Framesby Dogterskrieket Kwartaal 1**

**2022**

**1ste span:**

| | | |
|---|---|---|
| 3 Februarie | Alexander Road | tuis |
| 10 Februarie | Collegiate | tuis |
| 17 Februarie | NBH | tuis |
| 24 Februarie | Pearson | weg |
| 3 Maart | Woodridge | weg |

**2de span:**

| | | |
|---|---|---|
| 8 Februarie | Westering | weg |
| 15 Februarie | NBH | tuis |
| 22 Februarie | St.Dominics | tuis |

---

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

**Framesby Rugby 2022 - BEPALINGS**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 19 Maart | - | vs St Andrews Kollege | @ Graeme Day | 1st span |
| | | | @ St Andrews | Almal |
| 26-30 Maart | - | Junior Kwagga Week | @ Outeniqua | o.14 & o.15 |
| | | Junior Paarl Gim Toernooi | @ Paarl Gim | o.16 |
| 31 Maart | - | vs Queens Kollege | @ Grey PE Fest | 1st span |
| 2 April | - | vs Northwood | @ Grey PE Fest | 1st span, 14 A, 15 A, 16 A |
| 14 April | - | vs Waterkloof | @ Kearsney Fest | 1st span |
| 16 April | - | vs EG Jansen | @ Kearsney Fest | 1st span |
| 18 April | - | vs Pretoria Boys | @ Kearsney Fest | 1st span |
| 23 April | - | vs Daniel Pienaar | @ Framesby | Almal |
| 30 April | - | vs Garsfontein | @ Wildeklawer | 1st span, 14 A, 15 A, 16 A |
| 2 Mei | - | vs Welkom Gimnasium | @ Wildeklawer | 1st span, 14 A, 15 A, 16 A |
| 14 Mei | - | vs Kingswood Kollege | @ Kingswood | Alaml |
| 21 Mei | - | vs Marlow | @ Marlow | Almal |
| 4 Junie | - | vs Brandwag | @ Framesby | Almal |
| 23 Julie | - | vs Grey PE | @ Grey PE | Almal |
| 30 Julie | - | vs HTS Drostdy | @ Framesby | Almal |
| 12 Aug | - | vs Outeniqua | @ Outeniqua | Almal |
| 27 Aug | - | vs Nico Malan | @ Framesby | Almal |
| 2 & 3 Sept | - | Framesby 7's Toernooi | @ Framesby | o.17 |



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
GENERATED POWER 24/7

# EERSTE LIGA BY WESTBOURNE OVAL:

Die volgende atlete behaal plekke by die eerste liga wat by Westbourne Oval plaasgevind het. Slegs die eerste 3 plekke word aangedui.

| NO | NAAM EN VAN | OUDGR | ITEM | PLEK |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Jade de Jager | Do/15 | PS | 1 |
| 2 | Zander van Eyk | So/19 | PS | 3 |
| 3 | Jana Terblanche | Do/17 | HG | 2 |
| 4 | Anja Vorster | Do/17 | SG | 2 |
| 5 | Mienke Deysel | Do/17 | SG | 3 |
| 6 | Zanri Black | Do/17 | 400, 400H | 1 |
| 7 | Hugo Nothnagel | So/17 | 400H | 3 |
| 8 | Charnleigh Kotze | Do/19 | GS | 1 |
| 9 | Sune du Preez | Do/19 | 1500 | 2 |
| 10 | Anri van Zyl | Do/17 | 100 | 2 |
| 11 | Trischke Stapelberg | Do/19 | 100 | 1 |
| 12 | Ruan Erskine | So/19 | HG | 2 |
| 13 | Gerhard Venter | So/19 | 400 | 2 |
| 14 | Zadriaan Gouws | So/17 | 800 | 3 |
| 15 | Elanca van Jaarsveld | Do/17 | 800 | 2 |
| 16 | Ilze Hattingh | Do/17 | 800 | 3 |
| 17 | Anika de Ridder | Do/17 | 100H | 1 |
| 18 | Jaco Pretorius | So/17 | GS | 2 |
| 19 | Anel Strauss | Do/17 | 2000m H | 1 |
| 20 | Francois Vosloo | So/17 | | 2 |



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OP-TWEEKAMP

Die OP Tweekamp-span gaan aan die Highgate Interprovinsiale byeenkoms te Oudtshoorn op 5 Februarie deelneem.

Die volgende leerders neem deel:



o/15-seuns
Jaco Strydom A-span

o/15-dogters
Mari Geissler A-span
Zia Ferreira A-span
Teneal Els C-span

o/17-seuns
Xander Myburgh A-span
Tiaan Peens B-span
JJ de Lange B-span

o/17-dogters
Alouise Vosloo A-span
Ilke Wolmarans B-span

o/19-seuns
Francois Vosloo A-span
Hugo Notnagel A-span
Zack Serfontein B-span
Marco Sprong B-span

o/19-dogters
Zanri Black A-span
Anel Strauss A-span
Ilze Hattingh B-span
Elanca van Jaarsveld B-span
Anabelle Jonck B-span
Milla Otto C-span

Framesby-afrigter
Cody Coombe-Davis A-span

Framesby-onderwyser
Mnr Stefan de Klerk A-span

# STERKTE

## HOU FRAMESBY SE NAAM HOOG!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# GRAAD 8 KAMP:

Op Dinsdag, 18 Januarie, het 258 senuweeagtige "troepe" by Hoërskool Framesby aangesluit…
Die rugbyveld het gou in 'n sweterige slagveld vol soldate (uitgevat in 'n swartsak om die lyf en 'n roomysbak op die kop) verander! Die briewe aan hul geliefdes by die huis het vir goeie vermaak gesorg, en gewapen met piesangs het dié soldate gou agtergekom dat dit beter is om as 'n span oorlog te voer as om te "huil soos 'n man"…
Die oriënteringskamp, wat Vrydagmiddag begin het, het 'n briljante sottekonsert opgelewer, en die aand is afgesluit met 'n spokerige speletjiesaand (wat veroorsaak het dat sommige leerders nóú nog na 'n verlore plakkie of twee soek). Saterdagoggend se pretdag, met die opblaas-swembadspeelgoed en sonnige weer, het gemaak dat die gesiggies agter die maskers mekaar beter leer ken. Die aand is afgesluit met 'n spesiale baadjieseremonie, waar die Framesby-Flitsies hul laerskoolbaadjies vir hul hoërskoolbaadjie verruil het. Die FOV-vure het daarna vlam gevat en hoog gebrand.
Ons is dankbaar om hierdie spesiale groep as Framesbiane te kan verwelkom!

**Zandri Stumke 8A:**
Die hoogtepunt van my naweek was beslis die spookhuis en die Minute to Win It-speletjie. Dit was veral lekker dat die MB alles saam met ons gedoen het

**Emma Wepener 8B:**
Die spookhuis was die beste!

**Jaydee Miller 8C:**
Die beste deel van die inburgering was toe ons saam as 'n groep in ons soldaat-uniforms gedans het.

**Milan Bosch 8D:**
Ek het die meeste van die Minute to Win It-speletjie gehou, wat deur die MB in die saal aangebied is. Nog 'n hoogtepunt was beslis Vrydagaand se sottekonsert!

**Ruan Grigor 8E:**
Die beste deel van die naweek was die spookhuis; ek het lekker gelag!

**Lukas Jacobs 8F:**
Dit was vir my skreeusnaaks om vir die gras te moes skree en wag dat dit groen raak…

**Chanique Deacon 8G:**
My gunsteling deel van die naweek was die "inflatables". Dit was groot pret!

**Austin Benecke 8H:**
Die hoogtepunt van die gr.8-naweek was al die speletjies wat ons Saterdag gespeel het. Ek is seker ek gaan nog baie lekker tye hier by Framesby hê!







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

























SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT PRESTASIES:

Simonique Grobler, ‘n Graad 9-leerder van Frameby het verlede jaar aan die Madiba-beker vir Tuimel- en Trampoliengimnastiek deelgeneem. Daar is drie kompetisies waaraan hul deelneem. Dit geskied oor die hele Suid-Afrika, en sy het in al drie kompetisies eerste geëindig. Sy is ook as die algehele wenner van die reeks vir AG meisies (13-14 jaar) bekroon .

Simonique is ook die jaar as die junior vroulike gimnas van die jaar by haar klub gekies.
Knap gedaan, Simonique!!





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ZANJE HURTER - INTERNASIONALE HENGELTOETS

Zanje het aan ‘n internasionale hengeltoets vir Suid-Afrika in Namibia deelgeneem. Sy is die enigste meisie wat teen al die seuns gehengel het en is ook die eerste dame in die geskiedenis wat vir die juniorspan gekies is. Zanje het uitstekend gevaar en ’n algehele vyfde plek behaal. Sy het ook die beste van die SA-hengelaars gevaar. Die span het ‘n terugslag beleef na van die lede positief vir Covid getoets het. Die span het dus gesukkel met minder lede maar nog steeds hul beste vir SA gegee.








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BOEKVERKOPE DAG



Framesby hou volgende week ons eerste boekverkope dag. Dit is ‘n geleentheid vir leerders om hul vorige jaar se handboeke aan medeleerders te verkoop.

Die voorstel is dat boeke teen R100 elk verkoop word. Sodoende behoort leerders nie te sukkel om kleingeld te gee nie en die proses sal vergemaklik word. Slegs kontanttransaksies word toegelaat. Elke graad sal ‘n dag kry om hul boeke tydens eerste en tweede pouse in die saal te verkoop.
Daar sal tafels in die saal uitgesit word waarop die leerders die handboeke wat hulle wil verkoop, kan uitstal.

Maak asseblief seker watter handboeke vir elke graad korrek is. Aangesien daar wel handboeke verander het.

Maandag 31 Januarie 2022
Huidige Gr.12 verkoop aan Gr.11

Dinsdag 1 Februarie 2022
Huidige Gr.11 verkoop aan Gr.10

Woensdag 2 Februarie 2022
Huidige Gr.10 verkoop aan Gr.9

Vrydag 4 Februarie 2022
Huidige Gr.9 verkoop aan Gr.8

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# MEDIAPREFEKTE-WERKSWINKEL

Die jaarlikse werkswinkel vir die mediaprefekte het op 24 Januarie 2022 plaasgevind en was ‘n reuse sukses. Die werkswinkel het afgeskop met ’n “scavenger hunt” net om die ys te breek. Leerders het ‘n lys van boeke, dvd’s en tydskrifte gehad om in die Mediasentrum op te spoor. Leerders was dan rondom al die doen en late van die mediasentrum opgelei sodat hul tydens pouses en na skool leerders kan help met afrol, drukwerk, navorsing of  waar om ‘n lekker boek vind om te lees. Die mediasentrum spog met 18 prefekte die jaar.






By Flinkdinkers het ons hope pret!
Ons toets jou algemene kennis oor musiek, sport, politiek, supersterre, ens.

Ons speel ook graag “30 seconds” sodat ons kan leer om vinnig en doeltreffend te kommunikeer sowel om vrae te antwoord. Sodoende berei ons voor vir vasvrakompetisies.

Ons neem jaarliks aan interhuis, interskole, die ATKV-Vlymskerpkompetisie en vele meer deel .

Kom maak ‘n draai! Elke Dinsdag om 14:15 in die Mediasentrum!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# MEDIASENTRUM



## OU VRAESTELLE

Leerders kan ou vraestelle verniet op 'n USB -stokkie laai, 'n vraestel-cd koop of teen 50c per bladsy laat afrol.

## BOEKE EN DVD'S

Leerders kan tydens pouses en na skool boeke en dvd's kom uitneem.

## NAVORSING EN DRUKWERK

Leerders kan tydens pouse en na skool verniet navorsing op die rekenaars kom doen. Take kan in kleur of swart en wit gedruk word.

## ONS VERKOOP DIE VOLGENDE:

Skoon cd's, vraestel-cd's, A4-kleurkarton, A3-kleurkarton, flipfile-sakkies, taakomslae, usb's en vele meer!

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

DIE HANGER

# Ramble Rugsak

**R 650 BESKIKBAAR IN DIE HANGER IN DIE VIERDE KWARTAAL.**

KWALITEIT

DUURSAAM



GEWAARBORGDE PRODUK

PLEK VIR NAAMPLAATJIE

SKOOLWAPEN GEBORDUUR

**'N VOORSPOEDIGE 2022 VAN DIE HANGER!**

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




FRAMESBY ONDERSTEUNERSVERENIGING

# FOV IS VRYDAG, 28 JANUARIE 2022 OOP!

## VANAF 14:00 TOT 21:00



SUNRIDGE VILLAGE

where everybody knows your name

# TENANT CONTACT LIST - JULY 2021

| | |
|---|---|
| Absolute Pets | 067 776 0661 |
| Bakers Street | 060 767 1330 |
| Barksole Shoe Repairs | 063 313 2023 |
| Build It | 041 360 9790 |
| Capellini Coffee & Restaurant | 041 360 3784 |
| Canine Pet Boutique & Deli | 041 360 3797 |
| Clicks & Clicks Pharmacy | 041 360 0179 |
| Crazy Store | 087 135 8733 |
| de'Keg | 041 492 3700 |
| Eglings Pro-Foto / KODAK | 041 360 4436 |
| Elle Lifestyle Boutique | 041 360 6104 |
| Fishtales | 041 360 2877 |
| Hair & Beauty @ The Village | 041 360 1199 |
| IT On The Move | 084 752 7927 |
| Lady J's Bridal Studio | 041 360 3255 |
| LIA Fashions | 041 360 3311 |
| Ling Long Chinese Take Away | 041 360 0590 |
| Mary's Home Industry | 041 360 9995 |
| Mobilities Vodacom | 041 363 1818 |
| Norma Jeans Nail & Beauty | 041 360 2204 |
| Oasis Water | 072 386 0130 |
| Optilife | 041 450 9454 |
| Optiskin | 060 682 9924 |
| Pick 'n Pay Clothing | 041 360 3718 |
| PostNet | 041 360 7441 |
| Ray's Car Wash | 083 227 4102 |
| Ray's House of Biltong | 041 360 2007 |
| Roman's Pizza | 041 360 3104 |
| S.A. Post Office | 041 509 8681 |
| San Fernando's | 041 368 1954 |
| Spec-Savers Sunridge Park | 041 360 8406 |
| Spice Café | 081 722 5308 |
| Sunridge Barber | 084 578 3714 |
| Sunridge Exchange | 041 360 1109 |
| Sunridge Service Station | 041 360 1513 |
| Sunridge SuperSpar | 041 360 1509 |
| Thandi Florist | 041 360 3594 |
| Tidy Tucs Tailor | 062 626 0385 |
| Tops Liquor Store | 041 360 1509 |
| Twee Vellies | 072 634 6575 |
| Universal Cellular | 041 360 5919 |
| Vangela's Jewellers | 041 369 0100 |
| Village Laundry | 079 598 5196 |
| Wimpy | 041 360 1757 |
| Woolworths Food | 041 398 3600 |
| Zebro's Charcoal Grilled Chicken | 041 360 0331 |
| Ziningi Gifts | 081 719 9563 |
| OMEGA SECURITY KIOSK | 083 227 0649 |

**Centre Management: 041 360 9442**

**www.sunridgevillage.co.za**